

Maandag 24 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13 – 2:3 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:23 (1983-vertaling); NGB Artikel 7

**Gee ag op die Bybel, want daardeur wek die Heilige Gees
wedergeboorte en 'n lewe van geloof binne jou**

Die Woord van die Here keer nie onverrigtersake na Hom terug nie – so het ons gister uit Jesaja 55:11 gehoor. Die Woord werk in ons. In 1 Petrus 1:23 leer ons dat die Woord van die Here wedergeboorte in ons wek.

Wat is die wedergeboorte? Die wedergeboorte is daardie moment waar die Heilige Gees deur die werking van die woord die vlammetjie van geloof in jou aan die brand steek. Soos 'n pa en 'n ma gesamentlik deur die Here gebruik word om 'n nuwe lewe te verwek, so wek God deur die werking van Woord en Gees die wedergeboorte binne ons.

Hoe weet jy of jy wedergebore is? 'n Vlam wat brand, het 'n effek. Die effek is lig en hitte. Wedergeboorte het 'n effek. Die effek is sigbaar in ons lewe. Ons strewen nou om te lewe soos die Here in sy Woord aan ons openbaar. Net in die verse rondom die teks waar oor die wedergeboorte gepraat word, word die volgende kenmerke uitgelig wat 'n wedergeborene, gedring deur Woord en Gees, nastreef:

- Vers 14: Die strewen om nie meer volgens die begeertes van die ou (sondaar) mens te lewe nie.
- Vers 16: Die strewen na heilighed (om heilig te wees, wat God is heilig).
- Vers 22: Die strewen om in ongeveinsde (opregte) liefde te lewe.
- Hoofstuk 2:1 Die strewen om elke vorm van kwaad te laat staan.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 7 bely dat die Woord ons alles leer wat ons nodig het om God te ken en heilig voor Hom te lewe. Stel jouself daarom voortdurend biddend aan die Woord van die Here bloot, sodat die Heilige Gees in jou kan werk en jou kan dring om vir ons hemelse Vader te leef. So keer die Woord van die Here inderdaad nie onverrigtersake na Hom toe terug nie.

Sing: Psalm 119-1:63

Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)